

**Woensdag 11 Mei**

**Skrifgedeelte: Hebreërs 7:23-28; HK Sondag 12, Antwoord 31**

**Fokusgedeelte: Hebreërs 7:27**

### **Christus as Priester: Hy offer Homself**

Uit die Ou Testament is dit duidelik dat die priester, en veral die hoëpriester, hoofsaaklik ’n drievoudige taak gehad het: hy moes vir die volk *offer* (Lev. 16:11-16); hy moes vir die volk *bid* (Lev. 16:21, 22), hy moes die volk *seën* (Num. 6:22-27). Al drie take sal agtereenvolgens behandel word. Hier word slegs gefokus op eersgenoemde: Christus se priesterlike offer.

Daar is mense wat dink dat Christus maar net ’n groot Profeet en leraar was. So wil hulle Hom met ander sogenaamde groot leermeesters soos Confucius, Plato en Aristoteles probeer gelykstel. Wie so van Christus praat, ontken egter daarmee dat Hy ons daadwerklik van ons sondes verlos het, al word hulle beïndruk deur die “mooi dinge” wat Hy gesê het. Sonder sy priesterlike offer het Christus as Profeet vir ons niks te sê nie.

Ons belydenis sê dat Christus ons met die enige offer van sy liggaam verlos het. Hy het Homself geoffer. In Hebreërs 7:27 sê die skrywer dit uitdruklik: “*Hy het immers eens en vir altyd ’n offer vir die sondes gebring toe Hy Homself geoffer het.*” Hierin sien ons hoe Hy van die priesters van die Ou-Testamentiese tyd verskil het. Hulle het meesal diere geoffer met die gedagte dat die dier sterf in die plek van die mens wat werklik skuldig is. Christus het egter nie iets of iemand anders geoffer nie. Hy het Homself geoffer. Hy was Offeraar en Offerande tegelyk. Hy was Priester van God, maar terselfdertyd ook Offerlam wat die sondes van die wêreld wegneem.

Die pad na die ewige lewe sou immers alleen vir ons oopgemaak word as ons die swaar straf op die sondes gedra het. Geen mens is egter daartoe in staat nie. En as alles net so gebly het, sou ons vir ewige verlore gewees het. Toe het Christus in sy onpeilbare liefde vir sy uitverkore kinders al hulle skuld op Hom geneem. Hy was bereid om God se swaar straf op ons sonde vir ons te dra. Hy was bereid om God se toorn oor ons sonde teen Hom te laat uit-woed. Hy was gewillig om geslaan te word met die slae waarmee God ons moes slaan. Op Golgota is hierdie offerande voltrek toe Christus Homself in ons plek geoffer het. Hy het ons vervloeking op Hom geneem sodat ons kan deel in God se seën. Daarom kan Hy as Profeet sê dat ons by Hom rus kan vind (Matt. 11:28), want as Priester het Hy vir ons die rus berei.

Hierdie wete moet ons daartoe bring om uit dankbaarheid ons lewe as ’n offer aan Hom te gee. Dan sal almal kan sien dat ons sy uitverkore kinders is wat deel het aan sy priestelike offerande om ons te verlos.